

Artikel 6 vir lidmate oor die 2020-vertaling

Die inleidings op die Bybelboeke in die 2020-vertaling en GKSA Sinode 2018

Dr AH Bogaards

Oktober 2020

Op Sinode 2018 het die Deputate Bybelvertaling gerapporteer:

2.5 Inleiding tot die Bybelboeke: Die Deputate het verskeie aanmerkings ontvang oor die inhoud van die inleidings tot die Bybelboeke. Die Deputate stel voor dat inleidings weg gelaat moet word, maar as daar wel besluit word om van inleidings gebruik te maak, moet dit deeglik hersien word om moontlik aanvegbare stellings daaruit te verwyder.

Daarop het die Sinode BESLUIT:

3.2 Die Deputate volg die saak rondom die inleidings tot die Bybelboeke met die Bybelgenootskap op.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.

Dit was in 2018. Wat my aan betref betyds.

[Aanvegbare stellings in inleidings nie verwyder nie. Invloed op vertaling!](#)

Die **aanvegbare stellings** in die inleidings (sien 2.5 hier bo) is nie verwyder nie.

Na my oortuiging moet 'n vertaler se standpunt in die inleiding reflekteer in en inslag vind in die vertaling self.